DIE WARE KERK ‘N KERK VIR ALMAL

JULIAN MüLLER

‘n Paar weke gelede het dit met my gebeur dat ek binne drie dae aan ‘n paar kerklike byeenkomste en groepe blootgestel is, wat my weer laat wonder het oor die gesig van die ware kerk.

In daardie betrokke week was my M-studente in die kursus *Pastorale Gesinsterapie,* vir een van hulle kontakweke op die Kampus. Die groep bestaan uit 11 studente, meestal dominees, van ‘n verskeidenheid kulture, tale, rasse en kerke. ‘n Ware ekumeniese groep, dinamies met lewendige gesprekke oor die verskillende tradisies wat ons almal verteenwoordig. ‘n Rykdom van ervaring en nuwe insigte wat niemand in die groep sou wou ontbeer nie.

Die Woensdag van daardie week, was ek genooi om te praat by die Nasionale Vergadering van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, oor ‘n onderwerp rakende die Vigsepidemie in ons land. Soos mens kon verwag, was dit ewe-eens ‘n ekumeniese byeenkoms wat die reënboognasie weerspieël. Daar was verteenwoordigers van verskillende kerke en kulture en selfs ook ‘n hele paar persone wat self MIV-positief is. Die gesprek was op ‘n hoë vlak van teologisering en ook intens persoonlik omdat stories van lyding en ontnugtering met mekaar gedeel is.

Op die Vrydag van daardie week het ons besoek ontvang van die Sekretaris-Generaal van die Wêreld Raad van Kerke, dr Conrad Reiser. Hy was vergesel van kerklike verteenwoordigers uit verskeie Afrikalande. Die gesprek het gehandel oor die Christelike standpunt oor geweld en die bydrae wat die kerk en Christene kan lewer in die oplossing van konfliksituasies. Ook hierdie byeenkoms is gekenmerk deur ‘n diepgaande teologiese diskussie – ‘n inspirerende uur-en-‘n-half.

Op die Saterdag moes ek besoek aflê by ‘n ringsvergadering van die NG Kerk op die platteland. Hier het ek frustrasie met die gesprek beleef. Daar was vir my gevoel ‘n gebrek aan teologiese diepte, maar afgesien daarvan, het ek ‘n pynlike ervaring van kontras tussen die verskillende byeenkomste van die week beleef. Die verskille in die samestelling van die groepe was so skreiend. Teenoor die ekumeniese, inklusiewe, verteenwoordigende byeenkomste waaraan ek deur die week blootgestel was, het die Saterdag se vergadering slegs uit ongeveer 30 middeljarige, blanke mans bestaan. En ek het met ‘n skok besef dat dit vir ‘n groot mate nog maar steeds die gesig van die NG Kerk is!

Kan ‘n kerk so lyk? Is n kerk nog kerk indien dit so ‘n opvallende, eentonige eksklusiwiteit verteenwoordig, te midde van ‘n plurale samelewing? Kan ons hoegenaamd aanspraak maak daarop dat ons die kerk van Jesus Christus is, as ons nie daarin kan slaag om die verdelende grense tussen mense oor te steek nie? Is ons nog “kerk” in Suid-Afrika as ons selfs nie eers vrouens in ‘n amptelike kerkvergadering het nie? Om nie eers te praat oor die verskeidenheid van tale en kulture in ons samelewing nie. Is ‘n kerk wat so eensydig en eksklusief saamgestel is, nie dalk nader aan ‘n sekte as aan ‘n kerk nie?

Dit is werklik ‘n vraag of ons nog kan voortgaan om in ons situasie die sogenaamde “ware kerk” slegs te meet aan die drie maatstawwe wat in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art. 29) genoem word? Daarvolgens is die kenmerke van die ware kerk die suiwer bediening van die Woord en Sakramente en die toepassing van die kerklike tug. Dit lyk my heel moontlik dat ‘n hoofsaaklik blanke en manlik gedomineerde kerk, nogal sal kan probeer verbykom en voel hulle voldoen aan die vereistes. Sondag na Sondag word die Woord immers “suiwer” bedien en daar word erns gemaak dat die sakramente nie ontheilig word nie. En natuurlik, hoe enger ‘n groep saamgestel word, hoe makliker is dit om die tug ook in stand te hou. Daar het jy dit: die “ware kerk”! En tog, binne die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing toon dit meer tekens van “sekte” as kerk.

Afgesien van die vraag na die kenmerke van die ware kerk, moet dit tog tot die tradisionele blanke kerke begin deurdring dat hulle geen wesenlike bydrae tot die Suid-Afrikaanse samelewing te maak het, solank as wat hulle in hulle eie isolasie bly voortbestaan nie. As ons nie daarin kan slaag om in eie geledere iets te vertoon van die “een nuwe mensheid” van Efes. 2: 15 nie, kan ek nie sien dat ons die verwaantheid kan hê om enige profetiese stem te wil laat hoor oor enigiets in ons samelewing nie.

Ek het dit van te vore gesê en ek sê dit weer: Voordat die familie van NG Kerke nie daarin geslaag het om in eie geledere eenheid te bewerkstellig en in kerklike vergaderings ‘n groter mate van inklusiwiteit vertoon nie, het ons géén wesenlike bydrae te lewer tot enige moreel-godsdienstige gesprek in Suid-Afrika nie.